Heilbron Herald
WEEK 5 Deel 111
VRYDAG - 14 FEBRUARIE 2020
If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

Muller Draaiwerke
Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

# Hoop verstewig oor waterprobleme

Die Ngwathe Waterkrisis-komitee het op Donderdag 6 Februarie 2020 weer met senior amptenare van Randwater ontmoet om die samewerkingsooreenkoms wat verlede week gesluit was, verder uit te bou.

Volgens VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe het Randwater bevestig dat die klep wat water uit die pyplyn deurlaat na Kragbron, nou as tussentydse maatreël daagliks gemonitor word en verstel word soos nodig mag wees. Dit het tydens die partye se vorige samesprekings aan die lig gekom dat trillings in die pyplyn veroorsaak dat die klep soms vanself verder oopdraai en dan meer water na Kragbron deurlaat as waarop met Kragbron ooreengekom is wat noodwendigerwys weer die vloei na Heilbron verminder.

Die proses om 'n nuwe vloeidrukpomp, wat die probleem sal uitskakel, aan te koop is reeds aan die gang, maar weens wetlike prosedures wat gevolg moet word kan dit etlike weke duur voordat die klep fisies beskikbaar sal wees vir installasie. Randwater sal die komitee vroegtydig inlig wanneer die klep beskikbaar is sodat interim reëlings vir noodvoorraad getref kan word vir die tyd wat dit sal neem om die installasie te doen en die pompe afgeskakel moet word.

"Randwater het ook reeds 'n span benoem om die groter Heilbron-area behulpsaam te wees met 'n ondersoek om meer noukeurig te probeer bepaal presies wat die groter Heilbron se waterbehoefte is" sê Raadslid van der Merwe. Tans wil dit voorkom of die aanvraag gelyk mag wees aan of selfs ietwat groter mag wees as die beskikbare aanbod, maar die raming is nie betroubaar genoeg nie.

Heilbronners sal verheug wees om te verneem dat daar volgens die Area-bestuurder, Mnr Frances Moeketsi, vanaf eerskomende Maandag minstens een toegewyde span in plek sal wees om waterlekkasies te takel. Toerusting om groter breuke te hanteer sal volgens hom ook eersdaags beskikbaar wees.

Raadslede wat op die komitee dien het die wending met entoesiasme verwelkom en die hoop uitgespreek dat die talle waterlekke, waarvan vele reeds lang baarde het, binnekort iets van die verlede sal wees.

Omdat die partye oor heelwat suiwer tegniese aspekte sal moet besin het raadslid van der Merwe voorgestel dat 'n tegniese span, wat slegs uit amptenare sal bestaan, aangewys word om sulke aspekte te hanteer en daarna verslag te doen aan die groter komitee. Hy voorsien dat die tegniese span en die groter komitee voortaan al om die ander week sal ontmoet totdat al die knelpunte aangespreek en opgelos is.

'n Aspek wat Heilbronners erg warm onder die kraag het, is die verskaffing van water aan Edenville, veral in tye wanneer Heilbron self bitter min beskikbaar het. Die kwessie is netelig omdat Edenville self amper geen water het nie en Koppies ook nie werklik in staat is om huidiglik water aan Edenville te lewer nie. Koppies se suiweringswerke is tans in proses van opgradering en fondse is reeds toegeken vir die bou van 'n pyplyn vanaf Koppies na Edenville wat water sal kan voorsien wanneer die opgradering afgehandel en die pyplyn in plek is.Die pyplynprojek is egter tans nog in die beplanningsfase en sal waarskynlik eers teen 2021 operasioneel wees.

Die Komitee het versoek dat Randwater aandui of dit moontlik sal wees om Edenville tussentyds met tenkwaens vanaf een van sy reservoirs in Sasolburg te voorsien en dat 'n kosteberaming daarvoor voorgelê word indien Randwater wel kan help.

***Verklaring uitgereik deur VF Plus Raadslid Phillip vd Merwe op 6 Februarie 2020***

# Gemeenskap verslae oor Merwe



Dit het onwerklik gevoel toe nuus Dinsdagaand breek dat Merwe Els (40) oorlede is. Merwe was 'n alombekende veeboer en 'n geliefde inwoner van Heilbron.

Hy het die oggend nog kontrak baalwerk by die buurplaas gedoen, maar toe hy nie die aand sy gewone tyd by die huis aankom nie het sy vrou Lizel bekommerd geraak. Sy het haar skoonpa, Jannie Els, gebel om te hoor of hy weet waar Merwe is. Jannie is plaas toe om hom te gaan soek waar hy sy seun aangetref het met 'n skietwond. Geen misdaad word vermoed nie.

Merwe se begrafnis sal plaasvind Maandag 17 Februarie om 11:00 uit die NG Moedergemeente en die teraardebestelling sal daarna op Vegkop wees. Hy laat na sy eggenote Lizel, drie minderjarige kinders, Minette (11), Jannie (9) en Merwe Jnr. (5). Merwe was die jongste seun van Jannie en Alida Els, ook van Heilbron.

# Veediewe bly in aanhouding

Na volgehoue druk deur VL is borg geopponeer in 'n veediefstalsaak waar 4 beskuldigdes tereggestaan het te Heilbron Landdroshof. Hierdie veediewe was vasgekeer op 21 Januarie 2020 nadat Jannie Bornman 'n verdagte voertuig en sleepwaentjie gewaar het. Hy het egter die beeste daarop herken en alarm gemaak.

Landdros Deon van Rooyen het in sy uitspraak verwys na die openbare belang, deurdat landbouers, of hulle nou kommersiële, opkomende of op bestaansbasis is, die hofsaal volgesit het vir drie dae. Die hofsaak het gestrek vanaf 5-7 Februarie. Kennis was geneem van publieke belangstelling op 6 Februarie. Die petisie wat deur die landbouers ingedien was wat aandui dat veediefstal geweldige finansiële verliese teweegbring en dat Dr Jane Buys veiligheidsrisiko-analis van VL getuig het namens die Vrystaatse Veediefstal Voorkomingsforum rakende die impak en omvang van veediefstal in die Vrystaat en veral in die Heilbron area, asook die sterk saak voorgehou deur die ondersoekbeampte, het gewig gedra. Uitspraak van borg aansoek was op 7 Februarie gelewer en beskuldigde een tot drie bly in aanhouding.

Beskuldigde vier kry R15 000 borg en moet drie maal per week aanmeld by die polisiestasie. Hy mag ook nie die distrik verlaat sonder die ondersoekbeampte se toestemming nie. Die verdagtes verskyn weer op 6 Maart 2020 in die hof. Groot waardering word getoon vir al die landbouers van Heilbron, Sasolburg en Kroonstad vir hul ondersteuning by die hof en die wat die hofsaak bygewoon het. Hierdie is 'n toonaangewende manier hoe veediefstal in toekoms aangespreek kan word binne die strafregstelsel.



# Do you know which air force is the second oldest in the world?



If you're thinking America - you'd be wrong. France or Germany? Wrong again. The first air force in the world was that of Great Britain. And the second was South Africa.

The South African Air Force quietly turned 100 yesterday. The explanation I was given for why no fuss was made over this impressive achievement is because the current dispensation does not wish to give recognition to colonial achievements.

The SAAF was established to a large extent thanks to the visionary minds of a Boer War veteran - General Jan Smuts, who acted on the reports of another Boer War veteran - General Beyers.

Since then the SAAF has served in combat in World War 1, World War 2, the Korean War, the Rhodesian war, and throughout the 23 year long Angolan bush war against communism. Since that time it has also been involved in a jumble of international rescue and peacekeeping operations.

The SAAF has always over-performed, even when its equipment has in many cases been inferior to what the enemy used.

There were times when the SAAF had to use extreme ingenuity in order to remain relevant. During the arms embargo years, the creativity that was displayed in developing our own missile systems went to a level that is worthy of a book in its own right.

We had to source aircraft from countries that were willing to sell to us. And when they were pressured not to sell, we had to rebuilt and upgrade the aircraft that we had in order to try and extend their technological effectiveness far beyond their good for date.

And where this was not possible, we had to design and build our own at tremendous cost. If it hadn't been for the fact that we always had some friends in foreign countries, none of this would have been possible.

I have never heard public thanks expressed to the many friends who helped us during those difficult days. Friends in France, England, Israel and America who often helped us despite the prejudices and political policies of their own governments.

It was a gigantic team effort that has kept SAAF flying for a hundred years.

Even in our current time of military dilapidation the South African Air Force is still maintaining an element of dignity and a fair degree of operational effectiveness.

Getting to where they are now has taken thousands of man hours from thousands of men. Incredibly brave men, dedicated men, creative men, passionate people on all fronts.

They deserve the recognition that they are not getting. Let's not allow their honour to be taken away from those who deserve it fully.




# Petrus Steyners desperaat gelaat

Die inwoners van Petrus Steyn sukkel steeds met 'n onvolhoubare watervoorsiening weens swak bestuur van die Nketoana-grootmaatwaterskema. Dit blyk uit 'n inspeksie deur die plaaslike raadslid Mike Botha en die Demokratiese Alliansie (DA) by die pompstasie, waterbehandelingsaanleg en die onvoltooide waterpypleiding. In antwoorde op vrae van die DA-lid van die Nasionale Raad van Provinsies George Michalakis aan die Minister van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie, is dit aan die lig gebring dat die belangrike 42 km-pypleiding tussen Reitz en Petrus Steyn vertraag is weens swak beplanning, ontwerp en kontrak administrasie. Dit het gelei tot regstappe tussen Khato Consulting Engineers en die Nketoana Munisipaliteit. 'n Nuwe onderneming, Pro-Plan Consulting Engineers, is sedertdien aangestel om die ontwerp en finalisering van die waterverbruiklisensie te voltooi. As gevolg van die swak bestuur deur die Nketoana-munisipaliteit van die Nketoana-watervoorsieningskema, is die verantwoordelikheid van die implementeringsagent van hulle weggeneem en aan die Sedibeng Waterraad gegee om te voltooi. 'n Begroting van R125 082 318 is aan hierdie projek toegewys terwyl R65 919 534 teen Oktober 2019 reeds spandeer is. Die Minister het egter 'n nuwe datum van November 2020 gegee vir die voltooiing van die laaste fase van hierdie projek. Die DA bly teleurgesteld dat die swak bestuur deur sowel die kontrakteur as die munisipaliteit die inwoners van Petrus Steyn en Mamafubedu se reg op 'n gesonde en volhoubare watervoorsiening vertraag het. Die plaaslike infrastruktuur vir watervoorsiening is ook in 'n toestand van verval en is gevandaliseer. Verlede jaar het die gefrustreerde waterlose inwoners in Mamafubedu betoog en die burgemeester, Maditswako Mokoena, se woning aan die brand gesteek. Die DA sal voortgaan om die vordering van hierdie pyplyn te monitor om te verseker dat inwoners toegang tot hul grondwetlike reg op water het, waarsonder hulle nie kan leef nie.




SPAR
GREEN TAG SALE
R76 MILLION
IN SAVINGS
PRODUCTS PRICED TO
GO
DON'T MISS OUT!
My SPAR
SPAR Refined White Sugar 2,5 kg
34.99
SPAR Extended Shelf Life Full Cream or Low Fat Fresh Milk Only 2 litre
23.99 each
Bokomo Pronutro 500 g
Store price 31.99
Get an extra R2 off
Rewards members pay R29.99
SPAR Ice Cream 2 litre
Store price 41.99
Get an extra R2 off
Rewards members pay R39.99
SPAR 100% Fruit Juice Blend 1 litre
12.99 each
SPAR Sunflower Oil 750 ml
BUY 2 FOR 30.00
Sunlight 2 in 1 Regular, Tropical or Lavender Hand Washing Powder 2 kg
37.99 each
SPAR Flavoured Carbonated Soft Drink 2 litre
BUY ANY 2 FOR 18.00
*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.

# VREEMDE BEKENDES



Baie jare gelede het ek gehoor dat daar tussen enige twee mense gemiddeld 6 mense is. *The six degrees of separation,* dit is wat hulle dit genoem het. Dit beteken dat tussen persoon A en persoon B, wie mekaar glad nie ken nie, ses vreemdes is. Gaan dan op die spoor van die ses mense en jy sal vind dat hulle aan persoon A en persoon B verbind is.

FastCompany.com het hieroor navorsing gedoen en tot die slotsom gekom dat ons eintlik net 4 verwyderd is van mekaar. *Four degrees of separation*.

**MAAK NIE VIR MY SIN NIE. MAAR BLYKBAAR AS GEVOLG VAN SOSIALE MEDIA.**

Ek maak die ander dag Facebook oop.

Ek moet net eers bieg: dit is nogal 'n okkasie as ek Facebook oopmaak, wat dit gebeur so een keer elke twee weke. Ek het regtig nie tyd en krag om na almal se foto's en inskrywings te kyk nie. En ek stel ook nie belang om te weet presies waar elkeen hom- of haarself bevind nie. Hulle foto's is in elk geval meestal gedokter en almal is gelukkig op Facebook. 'n Verkeerde prentjie.

Iedergeval, terug by Facebook. Ek sien dat iemand saam met wie ek in Pretoria werk vriende is met 'n persoon met wie ek vriende is in die Vrystaat. Maar dit is seker nie vir die ware Facebookers so 'n groot verrassing as vir my nie.

Pretoria se Boeremark is 'n "doending" op 'n Saterdag. Ons stap rustig rond en proe hier en kyk daar. Ruik die heerlike aromas van melktertpannekoeke en moerkoffie, bekyk goudgeel kase so groot soos 'n kussing.

Ewe skielik storm iemand op my af.

"Is dit jy?!"

Um, ek kan nou nie vir haar sê dat dit natuurlik ek is nie, want ek is mos *after all* ek.

"Ek onthou jou, laat ek net gou dink…"

Sy help my met 'n skaterlag reg. Sy noem haar naam, maar sy lag so lekker dat ek nie eers haar naam hoor nie. **EK LAG OOK SAAM, NUGTER WEET WAAROOR.**

Ek onthou darem dat ek saam met haar skoolgehou het (sou ek later uitvind dat dit omtrent 'n dekade gelede was) en ek kan haar al amper in my geestesoog sien. Haar vriendin kom gou vir haar totsiens sê sodat ek en langverlore kollega verder kan gesels. Gelukkig noem die vriendin haar naam, en ewe skielik weet ek presies waar hierdie legkaartstuk inpas.

'n Oos-Vrystaatse kollega in Pretoria. Nou ja.

Ek hardloop gou een middag by 'n kettingwinkel in en by hulle wegneemetes bestel ek 'n toebroodjie.

Aan my regterkant staan twee jong mans, netjiese klere en hulle is diep in gesprek. Een van die twee gil dit uit: "Juffrou! *Is it really you?"*

Smaak my daardie vraag agtervolg my.

Ek ignoreer hom, want ek is al meer as 'n jaar nie meer 'n juffrou nie. (Dankie tog.) Hy doen dit weer en raak saggies aan my arm. Ek herken die jong man as iemand wie lank gelede in my matriekklas was. Ek vra dat hy net weer sy naam moet gee, want daar is honderde matrieks by my twee oë verby. Sy naam is Thato. O ja, onthou ek en ek ryg sy van en die jaar waarin hy matriek was en waar hy in die klas gesit het, uit.

Die jong man wat langs hom staan kyk ons twee verbaas aan. Ons gesels lekker en Thato vertel my dat hy nou 'n siviele ingenieur is, getroud en 'n baba. Hy stel my aan die ander jong man voor, en Pieter en ek groet mekaar in Afrikaans.

Thato tjip in Engels in en vertel vir Pieter van sy skooldae in my klas. En gee allerhande komplimente wat ek nooit gedink het ek waardig is nie. Ek groet die twee manne en glimlag by myself. Ek het altyd gesê dat, as ek 'n verskil kon maak in slegs een kind in my onderwysloopbaan, is dit genoeg.

Dankie, Thato.

**EK GAAN NA 'N MOTORHANDELAAR TOE, STEEDS MET MY VRYSTAAT-NOMMERPLAATKARRETJIE.** Die man wat die sekuriteitshek oopmaak vra of ek van die *Friestyt* is. *Jip*, ek is. Hy wil weet presies waar ek vandaankom. En ja, hy ken my blyplek en ek weet waar hy vandaan kom. Hy noem sy laerskool en hoërskool se naam. En ek beduie hom waar hierdie skole geleë is, want dit was deel van die skole waar ek gewerk het.

Hy lag klokhelder en maak die hek met 'n huppel in sy stap oop. Hy lag breëmond en ek hoor hoe vertel hy aan sy kollega dat die *Friestyt* dié plek is om te wees, dat alles groen is en dat daar nie so baie misdaad is nie.

Ons groet mekaar soos ou vriende, ek doen dit in sy taal en wens hom 'n heerlike dag vol vrede toe.

Ja, dis waar. *Four degrees of separation* is dalk nie so vergesog nie. Orals loop jy vreemde bekendes raak, mense wie jy dalk nie ken nie, maar ons ken mekaar as gevolg van die omgewing of omdat ons iemand ken wie vir jou ken.

Dalk moet ons net meer bedag wees daarop. Dalk kan jy vandag iemand breëmond laat lag, of 'n langverlore kennis.

Wie het nou Facebook nodig hiervoor?

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Voorbereidingsdiens)
Kleuterkerk / Deurkollekte: Studentekerk in Bloemfontein / Kategese / Blok 1 / 10:45 Ouderling- en Diakonievergadering

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Nagmaal
Deurkollekte: ENGO / Kategese / Gemeente-ete

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens (Nagmaal)
Kollekte: Kinderhuis, Randburg
Diensbeurte: Wyk 7 & 1

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Voorbereiding)
VBO Les 4

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel, **Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.


**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS


**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz
*Program vir week*
**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades
**PROGRAM**
**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30
BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.






# "Heilbron's got talent"





*Hoërskool Heilbron leerders het reeds begin oefen aan hierdie jaar se Revue. Elke tweede jaar is die kinders op die planke te sien en almal is reeds baie opgewonde vir die gebeurtenis. Hierdie jaar vind dit plaas op 15-17 April 2020 en dit beloof om baie opwindend te wees!*

**TE KOOP**

Baie ruim woonhuis op dubbelerf in Vegkop uitbreiding. Sitkamer, eetkamer, TV-kamer, 3 slaapkamers, 2 badkamers, gastetoilet, studeerkamer, kombuis, spens, opwas, waskamer, gereedskapstoor, dubbel motorhuis, dubbelafdak, onderdak stoep, boorgat, groot tuin. R875 000.

**Skakel Dr J Floor 082 444 6383**

SKB




**PUBLIC NOTICE**

Ngwathe
MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

**DRAFT ANNUAL REPORT 2018/19 FINANCIAL YEAR**

**INVITATION TO SUBMIT COMMENTS ON THE 2018-19 ANNUAL REPORT**

In terms of Section 127 (5) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 and Section 21 A of the Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 require municipalities to publicise their Annual Report and invite the public to make representations on the report after it has been tabled in Council meeting.

The Ngwathe Local Municipality (NLM) has tabled its Annual Report for the financial year 01 July 2018 to 30 June 2019 at its Council meeting held on Thursday, 30th January 2020. Ngwathe LM hereby invites the public to make representations or submit public comments on the Annual Report, in writing, to reach the municipality before or on 04 March 2020 at 16:30.

Copies of the Annual Report 2018-19 are available at the municipal offices, Ngwathe LM website, **www.ngwathe.fs.gov.za**, satellite offices and libraries.

Anyone who wishes to make comments or make representations can submit to:
1. Office of the Municipal Manager, Liebenbergstrek Street, PO Box 359, Parys

Satellite offices,
- ✓ Heilbron Offices
- ✓ Koppies Offices
- ✓ Edenville Offices
- ✓ Vredefort Offices
- ✓ All Libraries

All representations and comments should be in writing, for those who are unable to read and write and would like to comment, will be assisted to do so.

Members of the public will also be notified and afforded an opportunity to make direct written and verbal inputs into the Annual Report at public meetings which will be scheduled and of which members of the public will be notified.

For more information, please call Ms Puseletso Ndhlovu on 056 816 2700

*For enquiry, please contact:* ***IDP/PMS OFFICE***

*Tel: 056 816 2700*
***Email:****jordaanr@ngwathe.co.za*
*puseletsom@ngwathe.co.za*

BW KANNEMEYER
**MUNICIPAL MANAGER**

# Dienssentrum lede kuier gesellig saam



*Dienssentrumlede kuier heerlik by Fraaihuis Kwekery op 11 Februarie 2020. Na 'n lekker ete met die keuse van soet en/of sout en iets te drink is almal gesels-gesels terug huis toe. Volgende week gaan hulle meer leer oor dit waarvan hulle niks weet nie - boomgom en amber.*




44 Els Street
Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033
E-Pos: marketing@heilbron.co.za

# Vuurwapens by skool

## *Nege verdagtes in hegtenis geneem*

Nege verdagtes sal hul eerste verskyning in die hof maak nadat hulle deur die polisie in hegtenis geneem is by 'n skool in Phiritona, Heilbron.

Op Vrydag, 7 Februarie 2020 het die skoolhoof omstreeks 07:30 met die polisie kontak gemaak, nadat hy gewaarsku is oor 'n groep van ongeveer 20 seuns wat gevaarlike wapens by hulle dra. Na bewering het die groep na die skool gekom om met ander seuns by die skool te veg en amok te maak. Die skoolhoof het Heilbron-stasie-bevelvoerder in kennis gestel van die situasie en die polisie het vinnig na die skool gehaas. Toe hulle polisievoertuie sien, het die groep in verskillende rigtings gevlug, maar polisiebeamptes het daarin geslaag om nege mans tussen die ouderdom van 17 en 22 te vang en in hegtenis te neem en tuisgemaakte messe en pangas te konfiskeer. Hierdie nege mans sal binnekort in die Heilbron-landdroshof verskyn vir die besit van gevaarlike wapens.

## ROLSTOEL-PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | | | | | | 8 | 3 | |
| | | | | | | | 4 | |
| | | | 8 | 2 | | | | |
| | 6 | | | | | | | |
| | 8 | | | 7 | | | | |
| | | | 2 | 9 | | 5 | | 1 |
| 5 | | 1 | | | | 9 | | 4 |
| | | 9 | 3 | | | | | 7 |
| | | | | 5 | 9 | | | 3 |

**SUDOKU -** Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.


Herald Office National

JAN/FEB SPECIAL

Valid from 27 Jan 2020 – 28 Feb 2020

Elsstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033

Econo Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450
4 Shelves
R2 450 incl VAT



Ivory/Karoo OR Hammertone Grey ONLY

4 Drawer Filing Cabinet
1320 x 470 x 630
R2 920 incl VAT



Ivory/Karoo OR Hammertone Grey ONLY

Herald Office National

JAN/FEB SPECIAL

Valid from 27 Jan 2020 – 28 Feb 2020


Elsstraat 44 • Heilbron | Tel: 058 852 3033

Single Compartment Locker
Code: LO05
1800 x 300 x 450
Top Shelf/Hang Rail
Hasp & Staple to accom. padlock
R1 200 incl VAT



Ivory/Karoo OR Hammertone Grey ONLY

2 Compartment Locker
Code: LO10
1800 x 300 x 450
Hang Rail ONLY
Hasp & Staple to accom. padlock
R1 280 incl VAT



Ivory/Karoo OR Hammertone Grey ONLY


# 75 Jaar van Groot Genade

## *EG Kerk Frankfort*

*Ds Hendrik van Rensburg sal die diens waarneem die 16de Februarie 2020.*
*Ds Hendrik is van die Tzaneen gemeente en seun uit die gemeente Frankfort.*
*Na die erediens sal verversings beskikbaar wees. Vir meer besonderhede kontak ds Pieter van Wyk by Sel: 083 594 3078 of E-Pos: pietervanwyk2007@yahoo.com.*




## Het jy geweet ?...

As kontaklense in die toilet afgespoel word, kan dit bydra tot die groeiende probleem van mikroplastiese besoedeling in die wêreld se oseane, sê navorsers van die Arizona State University. Hulle skat dat tot 10 ton plastiese lense - jaarliks in die VS in afvalwater beland.

Sodra dit in die water is, breek die lense op om mikroplastiek te vorm wat deur seediere ingeneem kan word en 'n negatiewe impak op die seelewe het.

# Terugblik



***HEILBRON HERALD, VRYDAG 16 MAART 2001 - IS ERNSTIG OOR MISDAAD***
*Reitz Polisiediens het op 1 Maart 2001 'n operasie vir gesteelde voertuie, vuurwapens en dwelmverwante misdrywe gehou. Vir die operasie is die Polisiehelikopter van Johannesburg gebruik, wat bewegings en verdagte omstandighede uit die lug waargeneem het. Vyf persone is gearresteer tydens die operasie in verband met dwelmverwante misdrywe. Op die foto verskyn Insp. Steyn van Johannesburg Lugvleuel, asook die vlieënier Supt. Marais, Die Stasiekommissaris Kapt. Aucamp en Ser. Liebenberg.*


Hinterland™

The following vacancy exists within **Retail** at **Hinterland Heilbron**

**GENERAL CLERK (HINTERLAND)**

*Job Grade: 5 | P9 Reference: | Closing Date: 24 February 2020*

**WHAT YOU'LL NEED**
- Grade 12
- 2 to 3 years' appropriate experience in administrative merchandising
- Good communication and inter-personal skills
- Sales experience
- Strong negotiation skills
- Computer literacy
- Eagerness to learn

**WHAT YOU'LL BE DOING**
- General administrative duties
- Cash balancing/reconciliation
- Receiving stock
- Stock control (expiry dates and best before dates) including preparation and control of count sheets
- Administering price changes
- In charge of audit reports
- Client service and customer care
- Responsible for petty cash and assisting at Point of Sale (cashier) when needed
- Reconciliations
- Purchase ordering
- Manage distribution of stock

We are committed to transformation through the appointment of persons from designated groups and potential candidates from these groups will enjoy preference.
Kindly note that a consumer credit record will be requested in respect of all appointments which involve dealing with cash or finances.
Should you meet the above requirements and be of the opinion that you can make a contribution to the company, kindly register and apply on our Career Page at www.groupcareers.co.za
Should we not have contacted you within six weeks of the closing date, you may assume that your application has been unsuccessful.

**Please register and apply online: *www.groupcareers.co.za***

# SPORTverslag

## Kry 'n Eva vir die 29ste

Die jaarlikse Adam en Eva dag word vanjaar op Skrikkeldag gehou. En soos dinge werk op die dag moet die Eva geslag vir Adam vra om saam gholf te speel. Dinge gaan ook nie altyd klopdisselboom tussen die teenoorgesteldes die dag nie, veral as die Evas nie speel soos Adam dit wil hê nie.

Dan is daar nog die *dressup* wat ook moet plaasvind. Kom skryf in, hierdie gaan 'n dag vol lag en dalk baklei ook wees. Die liga op Harrismith het verlede naweek uitgereën en alle spanne het twee punte in die liga verdien. Dit gaan help, maar mens dink Heilbron sou liewer 'n wen wou gehad het.

Die inskrywings vir die enkel en dubbel putjiespel sluit ook vandag, as jou naam nie op is nie kan jy nie speel nie, so eenvoudig soos dit. Die nuwe HBA *monthly mugs* is ook hier en môre word daar vir Februarie se mug gespeel. Daar is ook vleispryse op die spel. Die *joker pot* staan op R6 500 en trekking word elke Vrydag op 19:00 gehou, maar jy moet daar wees om in die pot te deel. Daar sal ook Hoenderpastei vir ete te koop wees.



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685

# Modder en water was die wenner!!

Na ongeveer 60mm was die 19de Vegkop Rally definitief die natste rally nog. Die motorfietsroete was hierdie jaar langer as die vorige 2 jaar wat die deelnemers baie waardeer het. Sommiges het die natter toestande meer geniet, terwyl ander die stof verkies.

Die boere wat die dag bygewoon het, het die dag met goeie gees aangepak en alhoewel die reën die inskrywings beïnvloed het, is almal dankbaar vir die reën wat geval het. Diegene wat die dag trotseer het, kon nadat dit oopgetrek het laatmiddag op die ou 4x4 baan in die modder speel. Dié wat wel die baan gery het, het verseker nat en vuil by die einde gekom.

Ongeag die weer - was die algemene terugvoer van die rally beter as laasjaar.

Groot dankbaarheid word getoon vir die organiseerders, die Vegkop-terrein en al die borge, uitstallers en deelnemers.



### JAARPROGRAM : 2020
### RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 15 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 7 MAART | SKIET-OEFENING | 09:00 |
| 14 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 18 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET | 09:00 |
| 24-27 APRIL | HUNTEX | |
| 23 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 30 MEI | BLOEMFONTEIN-INTERTAK SPORTSKIET | |
| 6 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 25 JULIE | OVER UNDER SPANSKIET | 09:00 |
| 15 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 29 AUGUSTUS | BOSVELD-OEFENING | 09:00 |
| 5 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 26 SEPTEMBER | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 3 OKTOBER | GROEPERING-SKIET | 09:00 |
| 3 OKTOBER | TROFEE-MEET | 09:00 |
| 17 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTER STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2021 MOET NOU BETAAL WORD | |

